

# JESUS ALTYD BY ONS

*Matteus 28: 16-20*

Volgens die Matteus evangelie bevat hierdie verse die kragtige slotboodskap. As ons noukeurig luister; sal ons daarin die belangrikste bedoeling van hierdie boek herken. Die Matteus evangelie is ook 'n besondere boodskap vir vandag.

*Ons word uitgedaag om die WIL van die Here voluit te doen.*

Volgens Matteus 7 vers 21 sê Jesus vir Sy dissipels ***“Nie elkeen wat vir My sê Here, Here sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie; maar net hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is.”***

Om die Naam van die Here te bely is noodsaaklik; maar dit moet gepaard gaan met 'n lewenswyse wat wys ek doen wat God van my verwag.

Hierdie gedeelte kan ons in twee verskillende hoofde verdeel nl.

1. Vers 16-17: Die herontmoeting tussen Jesus en die elf dissipels.....
2. Die volmag aankondiging.....

Die herontmoeting vind in hierdie gedeelte plaas op 'n berg in Galilea. Dit is ook hierdie geleentheid wat Jesus se besondere selfbekendmaking bevestig soos in Matteus 5 vers 21 ***“Toe Jesus die menigte mense sien, het hy teen die berg opgegaan.....”***

Die berg was ook voorheen die plek waar Jesus Sy wil bekend gemaak het, volgens Matteus 17:1 ***“Die verheerliking op die berg.”***

In hierdie gedeelte openbaar Hy Hom weer aan Sy dissipels as die Opgestane Here met Sy laaste opdragte.

Alhoewel die dissipels al die tyd met Jesus gewandel het, was daar tog nog soveel twyfel en ongeloof onder die dissipels.

Hierdie twyfel was ook 'n ernstige bedreiging vir die dissipels, want dit kan ook 'n groot gevaar inhou vir die uitleef van die Here se opdragte.

Hierdie twyfel is ook een van ons gevaarlike swakpunte, ons twyfel aan die Here se Almag en Teenwoordigheid, Sy Getrouheid en Lojaliteit. Dit is belangrik dat ons teen die twyfel moet stry- *want sien is nog nie glo nie, maar glo is sien en doen: vers 18-20.*

Jesus se woorde bestaan uit 'n volmagsaankondiging, 'n opdrag en belofte. Jesus se volmag was deurgaans sigbaar in Sy onderrig oor die natuur, siektes en om ons sonde te vergewe.

Dit is 'n geweldige troos vir die gelowige om te weet dat ons Here instaat is om Sy volgelinge in alle aanvegtings en ten aanskoue van die Bose te beskerm.

Dit is Sy opdrag vierdelig: "**GAAN, MAAK DISSIPELS, DOOP en LEER.**"

Hierdie gedeelte is ook bekend as die Groot sending opdrag. Maar ongelukkig gaan dit oor veel meer as net evangelie verkondiging. Vanuit die Matteus evangelie moet dit veral as gemeentevorming verstaan word. Die hoofsaak is om na alle mense uit te reik en hulle in 'n persoonlike verhouding met Christus te stel.

Die manier waarop dit gedoen word is om hulle te laat **DOOP** in die Naam van die Vader, Seun en die Heilige Gees en om hulle te leer om alles te onderhou wat Jesus Onderrig het.

Die Sakrament van die Doop vestig en versterk hierdie persoonlike verhouding met die Christus, en 'n mens onderhou dit wat Christus geleer het deur die Wil van God te doen, volgens Jesus se voorbeeld.

Dit beteken om God met oorgawe te dien en *LIEFDE en BARMHARTIGHEID* aan ons medegelowiges en aan alle mense te bewys. So word die gemeenskap van die gelowiges gebou en God se koninkryk op aarde gevestig.

Die belofte "*ËK IS MET JULLE.....*" behels 'n nuwe verbondsverhouding wat tot in ewigheid standhou. God woon in Christus by ons. Daarom is Christus die *IMMANUEL (God met ons)*. Dus is ons Christus se dissipels en God se kinders totdat die Volmaakte gekom het.

*God seën Sy Woord aan ons almal.*

**Amen**